

# 'n Man se rol



## MENS TOT MENS

- ☺ Wat is uitdagings van 'manwees' in vandag se samelewing?
- ☺ Wat is die tipiese dinge wat mans verkeerd doen in verhoudings

## MENS TOT GOD

- ☞ Lees Ps 119:1,2 as inleiding tot julle gebed
- ☞ Bid vir God se leiding in julle ontmoeting.

## GOD TOT MENS

📖 Lees: Efesiërs 5:23-30 + 33  
Kolossense 3:19 en 21  
1 Petrus 3:7

### ***Inleiding:***

Die fondasie vir al die riglyne vir mans in die Bybel lê in Adam en in Jesus. In Efesiërs 5 hoor ons dat wat tussen Jesus en die kerk aangaan die patroon is vir wat in 'n verhouding moet aangaan. Andersom, as jy na 'n man en vrou se verhouding kyk behoort jy Jesus en sy kerk daarin raak te sien.

## **Bespreking:**

- Wat beteken dit om “onderdanig” te wees? Ef5:21
- Wat behoort ‘n man se rede te wees om aan sy vrou onderdanig te wees? Ef5:21
- Ef5:23 beskryf die man se rol as *hoof* en *Verlosser*. Wat is die verantwoordelikhede van ‘n ‘hoof’ en ‘n ‘verlosser’. (vgl v25-27)
- Wat beteken “Wie sy vrou liefhet, het homself lief”? v28
- Wanneer maak mans die lewe bitter vir hulle vrouens? Kol3:19
- Wat kan mans doen om nie hulle kinders moedeloos te maak nie? Kol3:21
- Die Nuwe Lewende Vertaling sê in 1 Petr 3:7 vir mans “behandel julle vroue met respek. Leef saam met jou vrou in die besef dat, al is sy fisiek swakker as jy, sy saam met jou deel in die lewe wat God as geskenk gee. As jy haar so behandel, sal jou gebede nie geblokkeer word nie.”
  - Waarin is mans en vroue gelyk, al verskil hulle fisies?
  - Hoekom het dit ‘n invloed op ‘n man se gebedslewe as hy dit nie reg hanteer nie?

## **MENS TOT MEDEMENS**

- ☺ Wat het vir jou uitgestaan van wat in die Bybel geleer word oor mans en hulle rol?

- ☺ Wat het seuns nodig om eendag goeie mans te kan wees?
- ☺ Waar moet 'n man begin as hy aan sy huwelik wil begin werk?
- ☺ Wat kan vrouens doen om mans hiermee te help?

### MENS TOT GOD:

🗨️ Bid:

- 🗨️ Here, ons samelewing maak ons baie deurmekaar oor wat 'n ware man is, help ons om deur U oë te kyk.
- 🗨️ Maak asb Jesus en sy werk vir ons so duidelik en sigbaar dat ons daarin mag leer van ware manwees.
- 🗨️ Ons bid vir mans en huwelike wat sukkel, dat U ons wysheid gee om mekaar by te staan en raad te gee.
- 🗨️ Baie dankie dat U vir ons leiding gee en ons nie alleen los nie.